# OLD MUTUAL SUPERFUND

NUUSFLITS VIR LEDE

**Die voorgestelde implementeringsdatum van die Tweepot-aftreestelsel, wat aanvanklik 1 Maart 2024 sou wees, is tot 1 September 2024 uitgestel.**

## DÍS WAT JY MOET WEET:

**1.** Wanneer die nuwe aftreestelsel in werking tree, gaan alle **toekomstige** lid- en werkgewerfondsbydraes in twee komponente opgedeel word: 'n aftreekomponent en 'n spaarkomponent.

Twee derdes sal aan jou **aftreekomponent** toegeken word. Die spaargeld in jou aftreekomponent sal belê bly totdat jy aftree.

Die oorblywende derde sal aan jou **spaarkomponent** toegeken word. Jy sal toegelaat word om een onttrekking per belastingjaar uit jou spaarkomponent te maak voor aftrede. Die onttrekking mag nie minder as R2 000 wees nie.

Die aftreegeld wat jy tot op 31 Augustus 2024 spaar, sal as jou **gevestigde komponent** bekendstaan en die huidige reëls sal steeds op hierdie komponent van toepassing wees.

**Jou spaarkomponent is jou kontant-enkelbedrag met aftrede. Indien dit vir jou nodig is om toegang daartoe te kry in geval van 'n finansiële verknorsing, sal jy die opsie hê om een onttrekking per belastingjaar te maak.**

**2.** 10% van jou volle aftreegeldbedrag soos op 31 Augustus 2024 sal outomaties na jou spaarkomponent oorgedra word. **Dit sal beperk wees tot 'n maksimum van R30 000. Hierdie oordrag staan bekend as die "saaikapitaal".**

**LET WEL: Die saaikapitaal is 'n eenmalige oordrag wat die openingsaldo van jou spaarkomponent uitmaak. Hierna sal 'n derde van jou toekomstige aftreefondsbydraes aan jou spaarkomponent toegeken word.**

## HET JY GEWEET?


SuperFund bied 'n veilige en maklike selfdiensopsie deur middel van die **Old Mutual-toepassing** (beskikbaar op **Android** en **iOS), Secure Services** en **WhatsApp**.

### Met die Old Mutual-toepassing kan jy:




- Jou aftreespaargeld se waarde sien
- Na jou produkportefeulje kyk
- Jou Old Mutual Rewards-punte dophou en uitvind hoe jy dit kan verdien en spandeer
- Jou kontak- en persoonlike besonderhede bywerk
- Na enige relevante dokumente kyk

### Met Secure Services kan jy:




- Jou aftreespaargeld se waarde sien
- Na jou produkportefeulje kyk
- Jou Old Mutual Rewards-punte dophou en uitvind hoe jy dit kan verdien en spandeer
- Jou kontak- en persoonlike besonderhede bywerk
- Jou begunstigde(s) se nominasievorm voltooi of bywerk
- Klik hier vir 'n gedetailleerde registrasiegids

### Met WhatsApp kan jy:

- Jou aftreespaargeld se waarde nagaan
- Jou begunstigde(s) se nominasievorm aflaai
- Toegang tot jou aftree- en onttrekkingsgids kry
- Toegang tot opvoedkundige inhoud vir lede kry
- Om toegang tot SuperFund via WhatsApp te verkry, skandeer die QR-kode of stoor 0860 933 333 in jou kontaklys. WhatsApp "Hi" na SuperFund. Kies opsie 4 ("View employment retirement savings").

**Die voorgestelde datum vir die Tweepot-stelsel om in werking te tree is 1 September 2024, maar dit kan moontlik verander. SuperFund sal jou op hoogte hou van enige nuwe verwikkelinge.**

OLDMUTUAL

DO GREAT THINGS EVERY DAY

Old Mutual Life Assurance Company (SA) Limited is a licensed FSP and Life Insurer.